Kom stap saam!

Christel Botes

9 September is Internasionale FASA (Fetale Alkohol Spektrum Afwykings) Dag. FARR, Prince Albert nooi u hartlik uit om deel te neem aan die Bewusmakings-staptog op Saterdag, 9 September 2023. Die staptog begin amptelik om 9h00 vanaf die parkie in Noordeind en eindig ook daar.

Wat gebeur op 9 September 2023, in Prince Albert?

- Belangstellende gemeenskapslede kom teen 8h30 by die parkie in Noordeind byeen.
- Om 9h00 word die FASA voorkomingsboodskap gedeel en pakkies met FASA-strikkies (9 per pakkie) word aan deelnemers uitgegee. *(Deelnemers word gevra om almal ook hul FASA-strikkie te dra.)*
- 9h08 is daar 1 minuut van STILTE om te dink aan persone geaffekteer deur FASA, asook aan hul families/versorgers.
- 9h09 BREEK ons die stilte, letterlik deur die lui van 'n klok, en vra dat almal ons help om die FASA voorkomingsboodskap te versprei, met klem op die boodskap van GEEN ALKOHOL IS VEILIG TYDENS SWANGERSKAP NIE!.
- Die sirkelroete-bewusmakingsstaptog begin en deelnemers word gevra om hul FASA-strikkies met persone langs die pad te deel en om hierdie persone aan te moedig om die boodskap met minstens 9 ander persone te deel.

Waarom spesifiek 9 September?

Die getal 9 is simbolies baie belangrik, omdat 'n vrou normaalweg 9 maande swanger is. Om hierdie rede word die getal 9 dus soveel moontlik gebruik op die 9de van die 9de maand om 9h00, om hierdie simboliek te versterk. Dit is ook die rede hoekom daar 9 FASA-strikkies in elke sakkie is.

Wat is die FASA-strikkie of -knoop?

Die FASA-knoop of FASA-strikkie bestaan uit 'n wit tou wat op 'n spesifieke manier (die vissermansknoop) geknoop is. Hierdie strikkie word op die bors gedra om bewustheid te kweek van FASA en deelname tot die voorkoming daarvan. Die strikkie simboliseer die volgende:

- Die TOU simboliseer die naelstring waardeur die fetus / ongebore baba, veronderstel is om gesonde voedingstowwe (en nie alkohol nie) van die swanger ma te ontvang.
- Die uitgerafelde punte van hierdie tou simboliseer die skade wat aan die brein en of ander organe en ledemate van die fetus / ongebore baba aangerig kan word, wanneer die swanger vrou tydens swangerskap alkohol gebruik.
- Die KNOOP (strikkie) is van so aard, dat indien jy aan die punte van die tou sou trek, dit nie losraak nie, maar net stywer trek. Hierdie vissermansknoop simboliseer die sterk ondersteuning wat ons, as gemeenskapslede, vriende en familie aan 'n swanger vrou moet gee om haar te help om nie alkohol tydens swangerskap te gebruik nie.
- Die sirkel (binne-in die FASA-knoop) simboliseer die baarmoeder (uterus) waarin die fetus veronderstel is om veilig te kan ontwikkel, sonder om lewenslange brein- of ander orgaanskade op te doen.

Op die personeelfoto is ons vlnr.: Christel Botes, Anquenic Devenish & Muschke Hendriks 24

Wat is die FASA voorkomingsboodskap?

FASA (Fetale Alkohol Spektrum Afwykings) met FAS (Fetale Alkohol Sindroom) as die ernstigste vorm van hierdie afwykings, is die mees algemene vorm van permanente breinskade en dus verstandelike gestremdheid in die wêreld. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is die internasionale voorkomssyfer van FASA minder as 1%. In Suid-Afrika is die voorkomssyfer, in sommige gemeenskappe so hoog soos 31%. Ons land het by verre die hoogste voorkomssyfer in die wêreld.

FASA word veroorsaak wanneer die ongebore baba (fetus) voor geboorte aan alkohol blootgestel word. Alkohol is giftig (toksies) vir die fetus en kan skade aan enige van die organe of ledemate van die ontwikkelende baba aanrig. Die brein is baie sensitief vir hierdie blootstelling en daarom het alle kinders met FASA die een of ander vorm van permanente breinskade wat onder meer ontwikkelings vertragings, leer- en gedragsprobleme veroorsaak. Dit is 'n ongeneeslike, lewenslange toestand. Ons fokus so dikwels op kinders met FASA, maar ons moet onthou dat hierdie kinders grootword en as volwassenes steeds FASA het. Dit het verreikende negatiewe gevolge op individue se opvoeding, verhoudings, werkspotensiaal en dus ook die sosio-ekonomiese welstand van gemeenskappe.

Daar is geen tipe alkohol en geen hoeveelheid alkohol of enige veilige tyd gedurende swangerskap om alkohol te gebruik nie. Alhoewel FASA permanente breinskade veroorsaak, is dit 100% voorkombaar, deur swangerskappe te beplan en geen alkohol tydens swangerskap te gebruik nie. Vandaar die uiters belangrike boodskap:

GEEN ALKOHOL IS VEILIG TYDENS SWANGERSKAP NIE!

Opregte dank aan die befondser, AWARE.org (Association for Alcohol Responsibility and Education) wat hierdie projek vir ons moontlik maak.■